

jou praktiese huis-en-tuingids

SA se
No.1
huis-en-tuin-
tydskrif

R80,00 (BTW inkl.)
Namibië N\$80,00

Desember 2023
Januarie 2024

OP JOU FEESTAFEL

5 meesterstukke uit die oond

Planne met
die oorskiet

Kersfees-koekies
vir die kinders

REGRUK
MET FLAIR

HIER'S DIE
TOP-12

SÓ LYK 2024

SELFDOEN

'n Tuiskantoor
wat werk!

6 000 m²-TUIN

Krismisrose
net waar jy kyk
+ kennersraad

Dekortrends

3 Inspirerende
LESER-
HUISE

POTCHEFSTROOM

Elegansie herleef in
kosteslim opknep

KORINGBERG

Swierig in
die Swartland

KALKBAAI

Kuierplek vol kleur,
kuns & tekstuur

Teen die blou agtergrond van die see het 'n Gautengse paar hul vakansiehuis gevul met onverwagse kleurkombinasies.

WIE WOON HIER?

Alma Kennedy en haar man,
Nico van Niekerk

WAAR Kalkbaai

GROOTTE 394 m²



Kuns en kleur IN KALKBAAI

Deur Haidee M...



Met 'n uitsig oor die ganse Valsbaai na links, en die ikoniese Kalkbaai-hawe na regs, is dié stoepvertek net die plek vir terugsit en ontspan. >>

Tafel gemaak deur African Creations; stoele van Chair Crazy; hanglig van Ashanti Design; los matte van Monn; die mandjie is van 'n straatverkoper

Laag op laag, met kleur in oorgloed – dis wat op jou wag as jy Alma en Nico se huis binnestap.

Kunswerk deur Sue Pam-Grant op plakpapier van Mink Design; hangligte van Ashanti Design; groen stoele van Sofas & Chairs; matte van Monn; nestafels van Iconomy; strooikussings van Superbalist; bruin vaas van 'n liefdadigheidswinkel; Sihan Wiid van Mink Design het die houtvoël geverf





Waar die kombuis voorheen was, is nou 'n eethoek met 'n kleurvolle boekrak daaragter. Ofskoon Alma talle antieke en tweedehandse artikels in haar huise het, het sy oor die jare 'n meer kontemporêre smaak ontwikkel en meng sy gemakliker as voorheen. "My matte pas nie noodwendig by alles nie. Vir my moet die prentjie net mooi bymekaarkom. En ek speel met kleure en teksture tot dit werk." Sian was verantwoordelik vir heelparty spesiaal gemaakte stukke. Die ou smeulaggel is behou, maar geskuif na die hoek waar 'n venster toegebou is.

Tafel en konsolle gemaak deur African Creations; boekrak deur Novel Idea; mat van Oriental Carpet Gallery; stoele van Chair Crazy; hanglig van Mink Design

In een van die boonste strate van die idilliese dorpie Kalkbaai met sy onbelemmerde uitsig oor die hele Valsbaai, staan 'n huis vol kleur en kuns. Hier word voete-op-die-tafel-ontspanning hoog aanbeveel.

'n Dinamiese kombinasie van mooigoed met keurige kontras in elke hoekie van dié erfenishuis verwelkom gaste met ope arms – en dis presies waarna die Johannesburgse egpaar Alma Kennedy en Nico van Niekerk gemik het. Hul styl is treffend, innoverend, eklekties, en ook prettig en

sonder pretensie. Vir hulle gaan dit veel eerder oor 'n *mi casa es su casa*-gevoel wanneer vriende by hul statige eeu oue wegbreekplek tussen St. James en Vishoek kom kuier. Die "deep South", noem Kapenaars hierdie deel van die kus waar veral Kalkbaai al jare lank 'n gesogte adres is.

"Ons vriende moet op die rusbanke kan lê; daarom moes die huis 'n gemaklike ruimte wees," sê Alma, 'n mynbou-prokureur. Sy was nog altyd dol oor Kalkbaai en hulle kom een keer per maand vir 'n langnaweek hier uitspan. >>

Alma en Sihan het die huis in 'n opgewekte, stylvolle ruimte vol interessantheide omgetower, terwyl Nico liewer van die kantlyn af hande klap. In die oopplankombuis skep die Marokkaanse teëls bo, kitkat-teëls onder en die mat met sy sterk grafiese ontwerp 'n aantreklike geheel.

Wire World-hangligte beskikbaar by Mink Design; matte van Monn; Marokkaanse teëls van Opia Design; Ceramica-kitkat-teëls van Douglas Jones; eettafel van Eco Furniture Design; stoele van Mr Price Home



Sparre is 'n praktiese oplossing vir oppervlakte waar vuil skoene en voete die kaste kan vuilmaak.



Sihan het 'n mosaïekteël met breë voegbry voorgestel vir die vloer in die nuwe vleuel waar die kombuis nou is. Dit loop uit op die ontspanningsdeel buite. "Nico en die bouer het eers gedink die voegbry sou te gou vuil word, maar Sihan het gesê dit moet net geseël word," sê Alma. "Ek is nogal pedanties oor vloerteëls en daar is min waarvan ek hou. Ons kies gewoonlik altyd afgevlakte vloere. Hierdie klein teeltjie was iets heeltemal anders, baie goedkoper en dit lyk mooi," sê Alma. >>

Kombuis ontwerp deur Mink Design en geïnstalleer deur Novel Idea; Wire World-hangligte beskikbaar by Mink Design; kroegstoele van Cielo; mat van Persian Elegance; vloerteëls van Ceramica



Nico wou weet hoekom soek
ons nou eintlik 'n groter
kombuis, want nie een van ons
kan kook nie! – Alma

Die huis vra vir baie kuiermense wat lekker kan ontspaan, daarom is hier talle sithoekies – soos dié een net agter die toegebooue stoep.

Leerbank van Sofas & Chairs; hanglig en koffietafel van Mink Design; mat van Persian Elegance; strooikussings (van links) van Iconomy, Mr Price Home en SofaSushi; seshoekige muurakke deur Mink Design

Sien die huis in sy vorige baadjie netwerk24.com/tuis.





Dieselfde teëls as binne is ook in die nuwe binnehof agter die huis gebruik. Teen die mure is 'n kombinasie van Marokkaanse patroonteëls (*links*) en 'n vierkantteël net so groot soos die vloerteëls (*bo links*), maar met 'n handgemaakte voorkoms.

Bo links Mentkleurige Ceramica-teëls van Decobella; eettafel van Patio Warehouse; stoele van Chair Crazy

Links Marokkaanse teëls deur Opia Design; blou metaalstoele gemaak deur OSW Cape; geel Wire World-tafel beskikbaar by Mink Design; kantafel van Esque; matre van India Ink; plante en potte van Ferndale Nurseries

‘Ek hou nie op glimlag nie’

Dis nie die eerste keer dat ons Alma en Nico se huis wys nie, maar na dié jongste veranderinge is die huis haas onherkenbaar sedert ons laaste fotosessie (*sien Tuis, April 2019*). Die stof van die mees onlangse bouprojek – hul derde stel verbeterings aan dié mooi ou huis – is nog skaars van hul skoene afgeskud.

Hulle het die huis in 2016 gekoop en binne die eerste jaar 'n muur op die onderste vlak afgebreek vir 'n groter leefruimte. Twee klein slaapkamers op die boonste vloer is verander in twee badkamers. Vier jaar gelede het hulle 'n motorhuis aangebou en vanjaar is die huis na agter vergroot om 'n nuwe oopplan-kombuis met 'n eetkamer en beskutte kuierstoep te skep.

Eintlik het hulle aanvanklik 'n meer moderne voorkoms in gedagte gehad, vertel Alma. “Soos sommige geboue in Europa: oud voor en modern agter. Hul eerste voorstel is egter deur die Erfenisraad afgekeur, want die styl van die aanbouing moes steeds by die huis pas. En dit moes lyk of die huis naatloos vergroot is. Ons derde voorstel is uiteindelik aanvaar.”

Die voormalige hangkaslose hoofslaapkamer was te knap na Alma se smaak. “Toe die huis na agter vergroot is, het ons ou slaapkamer die kombuis geword. Die hoofslaapkamer is geskuif na die boonste vlak van die nuwe aanbouing.” En dis die vertrek wat haar die meeste opgewonde maak. Want benewens die lieflike ruim dubbelvolume-slaapkamer met sy badkamer is daar 'n splinternuwe soldervertrek in die dak – Alma se leeshoek. En reg agter dié sitplek is 'n vorige klein solder-slaapkamer omskep in 'n studeerkamer.

“Ons was onlangs weer daar en ek kon nie ophou glimlag nie. Alles het so mooi 'n eenheid geword – die meubels, die kuns, die teëls en die kleure. Ons sien elke keer uit om daardie voordeur oop te sluit; dis 'n wonderlike ruimte.”

In hul 33 jaar saam het Alma en Nico, wat in die finansiële wêreld is, reeds agt projekte aangepak en nie een keer werklik koppe gestamp nie. “Daar is 'n duidelike rolverdeling en dit werk: Ek doen die planne saam met die argitek en sorg vir kuns, meubels, matre en alles wat binnekant gebeur; Nico is prakties – hy hanteer die kontrakteurs.”

Die huidige projek sou ses maande duur. “Toe word dit 'n jaar. Elke keer het daar iets bygekom, soos wat gebeur met ou huise. Maar ek is dolgelukkig met die eindresultaat.” >>

Die slaapkamer se hoë plafon het Sihan toegelaat om te waag met indrukwekkende hangligte. 'n Geliefde stoel en kleurrike ou mat dra by tot die karakter in die vertrek. "Die hoofslaapkamer voel amper soos 'n teater wanneer jy die gordyne van 4 meter lank ooptrek en die lig na binne val."

Wire World-hangligte en -bedlampies beskikbaar by Mink Design; kopstuk met bedrakkies gemaak deur Novel Idea; ronde tafeltjie van Iconomy; mat onder bed van Monn; kwilt van India Ink; strooikussings van Superbalist; gordyne en blindings deur Milly's Soft Furnishings; staaldeure gemaak deur O&W Cape



In die badkamers is na hartelus gespeel met vorms, patrone en tekstuur. "Ek kies nooit net 'n wit teël nie," sê Alma. "Teëls moet wel tydloos wees en ek probeer nie te veel trends volg nie."

In dié gaskamer is een van die mure met die ou kleistene waarmee die huis gebou is, ontbloot; die muur agter die bed is met vrolike plakpapier bedek.

Plakpapier van Wallpaper Online; stoel van Chair Crazy; lampe van Mink Design; deken van Mungo; strooikussings van Superbalist



Sihan Wiid van Mink Interiors was die binneontwerper. Volg haar raad met kleur, kontras en tekstuur:

- Dit is so belangrik om 'n ruimte deeglik te beplan. Kyk na beligting in die vertrek en waar meer lig nodig gaan wees; dink ook watter atmosfeer en funksionaliteit die ruimte moet hê.
- Wanneer jy iets aanlyn bestel, maak seker jy weet hoe groot dit is. Só vermy jy 'n onaangename verrassing wanneer dit by jou uitkom.
- Jy kan asemrowende ruimtes skep met treffende teëls. Speel met verskeie teksture, patrone, kleure en groottes vir kontras in verskillende ruimtes. Gebruik 'n treffende teël byvoorbeeld as fokuspunt – dit kan 'n stortvloer wees of selfs die voorkant van 'n trap. Of teël byvoorbeeld die een helfte van 'n muur met 'n gewone teël en die ander helfte met 'n ander soort patroonteël. Dit vang dadelik die oog.
- Kombineer gerus meubels, selfs al is dit in verskillende style – aluminium, polipropileen, hout en soms ook leer en staal werk baie goed saam.
- Belê in plaaslike kunstenaars se werk. Wees op die uitkyk vir uitstallings deur opkomende kunstenaars wie se werk nog nie so duur is nie. Laat dit raam en skep 'n kunsmuur. Moet ook nie skroom om kuns teen 'n besige plakpapier te hang nie.
- As jy moeg raak vir jou ruimte, kyk hoe jy dit bekostigbaar kan vernuwe deur jou meubels te verf of rond te skuif – jy sal verbaas wees hoeveel nuwe energie die vertrek sommer dadelik kry. >>

KONTAK minkinteriors.co.za

Stap jy met die wenteltrap in die hoofslaapkamer na die soldervertrek (regs), verwelkom Alma se boekheemel jou. Sy het bokse vol boeke van Johannesburg na Kalkbaai gestuur. Sihan het nes-ligte gekies vir atmosfeer.

Wire World-hangligte beskikbaar by Mink Design; kunswerk deur Sihan Wiid; bank van Sofas & Chairs; kussings van Kalk Bay Co-Op; mat van Coricraft; boekrakke gemaak deur Novel Idea



'n Klein slaapkamer op die onderste vloer is verander in 'n gastetoilet en die vorige gastetoilet en badkamer is gekombineer vir 'n was-en-linnekamer, verduidelik Alma. "Daar is nou ingeboude kaste in al die slaapkamers, en twee badkamers bo is heeltemal nuut oorgedoen."

Ceramica-teëls van Douglas Jones; blindings deur Milly's Soft Furnishings; strooikussings van Superbalist; skinkbord en handeseep van Mr Price Home



roen buffetkas van Vamp;
toele van Chair Crazy;
afel van Iconomy;
afellamp van Mr Price Home;
hanglig van Mink Design;
mat van Gilles Botbyl



Weerskante van die gang
op die boonste vloer is
gastekamers. Aan die
voorkant is nog 'n smal
stoepvertrek.

Bo regs May Wentworth-
plakpapier van Wallpaper
Online; deken van The
Home Quarter (*links*) en
White House (*regs*); mat
van Monn; kopstukke
van African Creations;
bedlampie van Builders;
kussings van Superbalist;
bedkassie van Begin with
the end in mind

Links Mat agter van Gilles
Botbyl; gangmat van
Persian Elegance; hanglig
deur Mink Design



VERSKAFFERS & KONTAKTE

African Creations africancreations.co.za Ashanti Design ashantidesign.com
Begin with the end in mind begininteriors.co.za Builders builders.co.za
Ceramica ceramica.co.za Chair Crazy chaircrazy.co.za Cielo cielo.co.za
Coricraft coricraft.co.za Decobella decobella.co.za Douglas Jones douglasjones.co.za
Eco Furniture Design ecofurnituredesign.com Esque esque.co.za Ferndale Nurseries
facebook.com/ferndalenurseries Gilles Botbyl gillesbotbyl.com Iconomy iconomyonline.co.za
India Ink indiaink.co.za Kalk Bay Co-op instagram.com/kalkbaycoop
May Wentworth facebook.com/maywentworth.superstrokeart Milly's Soft Furnishings
millysoftfurnishings@gmail.com Monn monn.co.za Mr Price Home mrphome.com
Mungo mungo.co.za Novel Idea facebook.com/novelidea450 Opia Design opiadesign.co.za
Oriental Carpet Gallery orientalcarpetgallery.co.za OSW Cape oswcape.co.za
Patio Warehouse patiowarehouse.co.za Persian Elegance persianelegance.co.za
Sofas & Chairs ridpeck@gmail.com SofaSushi sofasushi.com Sue Pam-Grant facebook
sue.pamgrant Superbalist superbalist.com The Home Quarter thehomequarter.co.za
Vamp Furniture vampfurniture.co.za Wallpaper Online wallpaperonline.co.za
White House bedbathhome.co.za Wire World wireworld.co.za